Remgro Beperk

Registrasienommer 1968/006415/06
ISIN ZAE000026480 Aandelekode REM

GEOUDITEERDE GEKONSOLIDEERDE RESULTATE
VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2005

- *Toename in wesensverdienste per aandeel:* *+7.6%*
- *Toename in gewone dividend per aandeel:* *+10.2%*
- *Voorneme om 'n spesiale dividend van 600 sent per aandeel te verklaar onderhewig aan die implementering van die Absa/Barclays-transaksie*
- *Intrinsieke waarde per aandeel op jaareinde:* *R120*
- *Vyfjaar saamgestelde groeikoerse:*
  - *Wesensverdienste per aandeel* *15.8% p.j.*
  - *Gewone dividend per aandeel* *21.2% p.j.*

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT

	2005 R'm	2004 R'm
BATES		
Eiendom, aanleg en toerusting	3 864	3 408
Biologiese landboubates	94	85
Beleggingseiendomme	24	22
Klandisiewaarde en handelsmerke	386	54
Beleggings – Geassosieerde maatskappye	28 415	22 737
– Ander	1 948	1 861
Lenings	157	49
Uitgestelde belasting	173	142
Kontant en kontantekwivalente	2 372	3 446
Ander bedryfsbates	2 393	1 926
Totale bates	39 826	33 730
EKWITEIT EN LASTE		
Totale aandeelhouersekwiteit	34 960	29 709
Minderheidsbelang	2 011	1 702
Rentedraende lenings	316	277
Ander nie-bedryfslaste	722	513
Nie-rentedraende bedryfslaste	1 817	1 529
Totale ekwiteit en laste	39 826	33 730
Netto batewaarde per aandeel (Rand)		
– Teen boekwaarde	R71.77	R59.26
– Teen intrinsieke waarde *		
– op jaareinde	R119.97	R100.36
– op 20 Junie 2005 (22 Junie 2004)	R132.94	R100.60

* *Ongeouditeer*

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

	2005 R'm	2004 R'm
Kontant uit bedrywighede voortgebring	1 764	1 678
Belasting betaal	(546)	(363)
Dividende ontvang	2 453	1 718
Kontant beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite	3 671	3 033
Dividende betaal	(2 642)	(1 438)
Netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite	1 029	1 595
Beleggingsaktiwiteite	(2 184)	(528)
Finansieringsaktiwiteite	9	62
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	(1 146)	1 129
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	3 393	2 264
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	2 247	3 393
Kontant en kontantekwivalente – per balansstaat	2 372	3 446
Oortrokke bankrekening	(125)	(53)

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

	2005 R'm	2004 R'm
Saldo op 1 April – soos voorheen gerapporteer	29 766	27 443
Aansuiwerings ten opsigte van vorige jare	(57)	(25)
Aangesuiwerde saldo op 1 April	29 709	27 418
Netto kumulatiewe beginsaldo aanpassing (RE 133)	–	36
Netto billike waarde aanpassings vir die jaar (RE 133)	46	1 204
Netto wins vir die jaar	8 807	3 605
Dividende betaal	(2 509)	(1 316)
Wisselkoersaanpassings	239	(694)
Aandele deur volfiliaal teruggekoop (tesourie-aandele)	(1 235)	(295)
Netto aandele deur Die Remgro Aandeletrust gekoop *	(24)	(17)
Ander	(73)	(232)
Saldo op 31 Maart	34 960	29 709

* *Ook verantwoord as tesourie-aandele*

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

	2005 R'm	2004 R'm
Omset van die maatskappy en sy filiale	12 823	11 763
Gekonsolideerde wins voor inagname van die onderstaande	1 696	1 571
Waardevermindering	(267)	(240)
Finansieringskoste	(54)	(39)
Waardedaling en amortisasie van klandisiewaarde	(3)	(186)
Netto terugskryf van waardedaling van beleggings en bates	24	4
Uitsonderlike items	2 194	50
Gekonsolideerde wins voor belasting	3 590	1 160
Belasting	(400)	(397)
Gekonsolideerde wins na belasting	3 190	763
Belang in na-belaste wins van geassosieerde maatskappye	6 026	3 177
– Wins voor inagname van die onderstaande	4 495	4 164
– Waardedaling en amortisasie van klandisiewaarde	(403)	(383)
– Netto waardedaling van beleggings en bates	(30)	–
– Uitsonderlike items	1 964	(604)
Groepwins na belasting	9 216	3 940
Minderheidsbelang	(409)	(335)
Netto wins vir die jaar	8 807	3 605
Wesensverdienste rekonsiliasie:		
Basiese verdienste – Netto wins vir die jaar	8 807	3 605
Plus/(minus) – gedeelte toeskryfbaar aan eie lede:		
– Waardedaling en amortisasie van klandisiewaarde	405	568
– Netto waardedaling van beleggings en bates	23	(1)
– Uitsonderlike items van 'n kapitale aard	(4 184)	523
– Netto oorskot, na belasting, met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	(69)	(8)
Wesensverdienste	4 982	4 687

VERDIENSTE EN DIVIDENDE PER AANDEEL

	2005 Sent	2004 Sent
Wesensverdienste	1 001.8	931.3
– Verwater	998.7	929.3
Basiese verdienste	1 771.0	716.3
– Verwater	1 765.4	714.8
Dividende		
Gewoon	314.00	285.00
– Tussen	116.00	101.00
– Finaal	198.00	184.00
Spesiaal	*Nota 8*	200.00

ADDISIONELE INLIGTING

	2005	2004
Aantal aandele uitgereik		
– Gewone aandele van 1 sent elk	486 493 650	486 493 650
– Ongenoteerde B-gewone aandele van 10 sent elk	35 506 352	35 506 352
Totale aantal aandele uitgereik	522 000 002	522 000 002
Gewone aandele teruggekoop en in tesourie gehou	(30 521 841)	(16 442 602)
Gewone aandele deur Die Remgro Aandeletrust gehou en as tesourie-aandele verantwoord	(4 381 159)	(4 236 087)
	487 097 002	501 321 313
Geweegde aantal aandele	497 292 403	503 280 054

In die bepaling van die wesens- en basiese verdienste per aandeel is die geweegde aantal aandele in berekening gebring.

	2005 R'm	2004 R'm
Genoteerde beleggings		
Geassosieerd		
– Boekwaarde	12 004	11 014
– Markwaarde	19 893	14 413
Ander		
– Boekwaarde	1 866	1 795
– Markwaarde	1 866	1 795
Ongenoteerde beleggings		
Geassosieerd		
– Boekwaarde	16 411	11 723
– Direkteurswaardasies	31 301	27 903
Ander		
– Boekwaarde	82	66
– Direkteurswaardasies	82	66
Toevoegings tot en vervanging van eiendom, aanleg en toerusting	472	470
Kapitaalverpligtinge	857	640
(Ingesluit bedrae gemagtig, maar nog nie gekontrakteer nie)		
Dividende ontvang		
Dividende ingesluit by wins	81	28
Dividende vanaf geassosieerde maatskappye teen beleggings verreken	2 501	2 156
Rente ontvang		
Vanaf ongenoteerde beleggings en deposito's	273	334
(Ingesluit by wins)		
Uitsonderlike items		
Uitsonderlike items van filiaalmaatskappye:		
Kapitaalsurplus met aflossing van skuldbriewe deur R&R	2 100	–
Netto kapitaalsurplus met verkoop van beleggings en besighede	45	50
Ander	49	–
Totaal voor belasting	2 194	50
Belasting	(8)	(3)
Totaal na belasting	2 186	47
Belang in uitsonderlike items van geassosieerde maatskappye	1 964	(604)
Groottotaal	4 150	(557)
Toeskryfbaar aan minderhede	(20)	–
Toeskryfbaar aan eie lede	4 130	(557)

KOMMENTAAR

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die finansiële jaarstate word volgens die historiese kostegrondslag ooreenkomstig Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk, die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet 1973, soos gewysig, en die Noteringsvereistes van die JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika opgestel. Hierdie finansiële state inkorporeer rekeningkundige beleid wat in ooreenstemming met dié van die vorige finansiële jaar is, met die uitsondering van die implementering van die Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk, RE 140 (IFRS 3): Besigheidsamevoegings, RE 128 (IAS 36): Waardedaling van bates, RE 129 (IAS 38): Ontasbare bates en RE 501: Verantwoording van sekondêre belasting op maatskappye (SBM).

Die rekeningkundige beleid van geassosieerde maatskappye is nie in alle gevalle in ooreenstemming met dié van die maatskappy nie. Dit is hoofsaaklik as gevolg van verskillende jaareindes van maatskappye wat latere inwerkingtreding van nuwe rekeningkundige standaarde veroorsaak. Geen aansuiwerings word vir sulke verskille in rekeningkundige beleid gemaak waar dit nie prakties uitvoerbaar is nie.

Remgro sal met ingang 1 April 2005 Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) implementeer en gevolglik sal die 2005 vergelykende syfers in die groep se finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2006 hersaamgestel word. Met die bekendmaking van die tussenresultate vir die ses maande geëindig 30 September 2005, wat ingevolge IFRS aangebied sal word, sal volle openbaarmaking verskaf word van die uitwerking van dié nuwe rekeningkundige standaarde.

2. VORIGE JAAR AANSUIWERINGS

Verandering in rekeningkundige beleid

RE 140 (IFRS 3): Besigheidsamevoegings en verwante rekeningkundige standpunte

Met ingang van 1 April 2004 het Remgro RE 140 (IFRS 3), RE 128 (IAS 36) en RE 129 (IAS 38) geïmplementeer. Ingevolge die bepalings van RE 140, sal klandisiewaarde wat spruit uit 'n besigheidsamevoeging waarvan die ooreenkomsdatum op of na 31 Maart 2004 is, nie geamortiseer word nie, maar teen kosprys min opgehoopte waardedalingsverliese gedra word.

Vanaf 1 April 2004 word alle klandisiewaarde wat op dié datum reeds bestaan het, ook ingevolge RE 140 verantwoord. Alle bestaande klandisiewaarde word dus nie verder geamortiseer nie maar teen kosprys min opgehoopte waardedalingsverliese gedra. Aangesien die vergelykende syfers volgens die oorgangsbepalings van RE 140 nie hersaamgestel word nie, is sekere items nie op 'n lyn-vir-lyn-grondslag vergelykbaar met dié van die vorige jaar nie.

RE 501: Verantwoording van sekondêre belasting op maatskappye (SBM)

Ingevolge dié rekeningkundige standpunt moet 'n uitgestelde belastingbate erken word vir onbenutte SBM-krediete, tot dié mate dat dit waarskynlik is dat die entiteit dividende gaan verklaar waarteen dié SBM-krediete aangewend kan word.

Remgro se geskiedenis van dividende ontvang teenoor gewone dividende betaal dui daarop dat sy SBM-krediete oor tyd toeneem. Dit is dus nie waarskynlik dat Remgro se SBM-krediete in die afsienbare toekoms teen gewone dividende betaal aangewend sal word nie en geen uitgestelde belastingbate is dus geskep vir dié maatskappy se onbenutte SBM-krediete nie.

'n Filiaalmaatskappy, Medi-Clinic Korporasie Beperk, het egter ingevolge RE 501 'n uitgestelde belastingbate vir sy onbenutte SBM-krediete erken en sy 2004 vergelykende syfers is dienooreenkomstig hersaamgestel. Dit het geen uitwerking op Remgro se verdienste vir die vergelykende jaar gehad nie. Die vergelykende balansstaat is dienooreenkomstig hersaamgestel.

Ander aansuiwerings

Hersamestelling van vergelykende syfers met betrekking tot voorraad

Gedurende die jaar het Transvaal Suiker Beperk sy inkomsteerkenningsbeleid met betrekking tot suikerverkope vanaf die seisoenale grondslag na die toevallingsgrondslag verander. Dit het tot gevolg dat oordrag suikervoorraad, wat voorheen as inkomste erken is, voortaan as voorraad verantwoord word. Die uitwerking hiervan op Remgro se 2004-resultate was 'n afname in wesensverdienste van R32 miljoen. Die vergelykende balansstaat is dienooreenkomstig hersaamgestel.

Hersamestelling van vergelykende syfers met betrekking tot klandisiewaarde

Soos hierbo gerapporteer het Remgro met ingang 1 April 2004 RE 140 (IFRS 3), RE 128 (IAS 36) en RE 129 (IAS 38) geïmplementeer. Ingevolge hierdie rekeningkundige standpunte word klandisiewaarde jaarliks vir enige moontlike waardedalings getoets en vir dié doel word dit toegedeel aan die onderskeie kontantgenererende eenhede waarop dit betrekking het.

Om dié rede word klandisiewaarde toeskryfbaar aan beleggings in geassosieerde maatskappye in die 2005 finansiële jaarstate onder "Beleggings – Geassosieerde maatskappye" verantwoord terwyl dit voorheen onder "Klandisiewaarde en handelsmerke" gerapporteer is. Die vergelykende balansstaat is dienooreenkomstig hersaamgestel.

Hersamestelling van vorige jaar syfers as gevolg van die bogenoemde aansuiwerings:

	Jaar geëindig 31 Maart 2004 R'm
Inkomstestaat	
Wesensverdienste soos voorheen gerapporteer	4 719
Hersamestelling van vergelykende syfers met betrekking tot voorraad	(32)
Hersaamgestelde wesensverdienste	4 687
Wesensverdienste per aandeel soos voorheen gerapporteer (sent)	937.6
Hersaamgestelde wesensverdienste per aandeel (sent)	931.3

	R'm
Balansstaat	
Afname in reserwes	(57)
Toename in minderheidsbelang	2
Afname in klandisiewaarde en handelsmerke	(3 192)
Toename in beleggings – geassosieerde maatskappye	3 192
Toename in uitgestelde belastingbates	37
Toename in bedryfsbates	164
Afname in uitgestelde belastingverpligting	(28)
Toename in bedryfslaste	284

3. RESULTATE

Wesensverdienste

Wesensverdienste vir die jaar tot 31 Maart 2005 het met 6.3% van R4 687 miljoen tot R4 982 miljoen toegeneem. Wesensverdienste per aandeel het egter met 7.6% van 931.3 sent tot 1 001.8 sent toegeneem vanweë die gunstige uitwerking van die aandeleterugkoopprogram.

Wisselkoersbewegings het steeds 'n invloed op die groep se verdienste gehad. Weens 'n sterker, maar meer stabiele rand het die ongunstige wisselkoersuitwerking met die omskakeling van R&R Holdings SA, Luxembourg (R&R) se bydrae tot wesensverdienste, verminder vanaf R520 miljoen in 2004 tot R100 miljoen vir die jaar onder oorsig soos uiteengesit in die onderstaande tabel.

Finansiële jaar:	**2005**	2004
Gemiddelde wisselkoers (£/R)	**11.5342**	12.1025
Sluitingswisselkoers teen jaareinde (£/R)	**11.7520**	11.5950
R&R se bydrae (£m)	**176**	174
R&R se bydrae (Rm)	**2 029**	2 100
Ongunstige wisselkoersuitwerking (Rm)	**(100)**	(520)

Die bydrae van die finansiële dienste belange tot Remgro se wesensverdienste het met 21.6% vanaf R1 394 miljoen in 2004 tot R1 695 miljoen toegeneem. FirstRand en RABB se gesamentlike bydrae tot wesensverdienste het R1 172 miljoen bedra (2004: R976 miljoen), terwyl Absa sy bydrae tot wesensverdienste met 23.4% tot R517 miljoen verhoog het (2004: R419 miljoen).

Die bydrae van nywerheidsbelange het met 13.1% toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van goeie vertonings deur Total South Africa, Distell en Medi-Clinic. Dit is egter teengewerk deur laer resultate vanaf Rainbow, Nampak, UBR en Transvaal Suiker.

Mynbelange se bydrae tot wesensverdienste het met 41.3% afgeneem tot R101 miljoen. Trans Hex het laer resultate gerapporteer en sy bydrae tot wesensverdienste het tot R29 miljoen afgeneem (2004: R79 miljoen).

Ontleding van vergelykbare wesensverdienste (sent per aandeel)

– Uitgesluit bydrae deur R&R

	2005	2004
Wesensverdienste soos gerapporteer	**1 001.8**	931.3
R&R se bydrae	**(408.1)**	(417.3)
Vergelykbare wesensverdienste met uitsluiting van bogenoemde **(+ 15.5%)**	**593.7**	514.0

Basiese verdienste

Basiese verdienste per aandeel het met 147.2% tot 1 771.0 sent toegeneem. Basiese verdienste weerspieël die netto verdienste na waardedaling en amortisasie van klandisiewaarde en na uitsonderlike items. Dié toename was hoofsaaklik as gevolg van die surplus wat gerealiseer is met die aflos van skuldbriewe deur R&R (sien BAT gedeelte onder punt 7.1 vir besonderhede) en Remgro se deel van die gunstige uitsonderlike items van geassosieerde maatskappye. Laasgenoemde verteenwoordig hoofsaaklik die wins wat BAT gerealiseer het met die samevoeging van Brown & Williamson se VSA-besighede met R.J. Reynolds onder 'n nuwe houermaatskappy, naamlik Reynolds American Inc., sowel as met die verkoop van Lane Limited aan Reynolds American.

4. INTRINSIEKE WAARDE

Remgro se intrinsieke waarde per aandeel het met 19.5% vanaf R100.36 op 31 Maart 2004 tot R119.97 op 31 Maart 2005 toegeneem. Verwys na Bylaag A vir volle besonderhede.

5. OMSET

– van die maatskappy en sy filiale

	2005 R'm	2004 R'm
Bedryfsomset	**9 969**	9 245
Dividende en rente	**2 854**	2 518
Totale omset	**12 823**	11 763

Weens die aard en samestelling van die groep is segmentontleding ten opsigte van omset nie sinvol nie.

6. BRON VAN WESENSVERDIENSTE

	2005 R'm	**%**	2004 R'm	%
Tabakbelange	**2 029**	**41**	2 100	45
Finansiële dienste	**1 695**	**34**	1 394	30
Nywerheidsbelange	**1 125**	**22**	995	21
Mynbelange	**101**	**2**	172	3
Korporatiewe finansies en ander belange	**32**	**1**	26	1
	4 982	**100**	4 687	100

Hersamestelling van segmentontleding

Kennis moet geneem word dat Remgro sy segmentontleding sedert 1 April 2004 gewysig het. Distell Groep Beperk (Distell) en Medi-Clinic Korporasie Beperk (Medi-Clinic) word as "Nywerheidsbelange" geklassifiseer, terwyl hulle voorheen onderskeidelik onder "Handelsmerkbelange" en "Korporatiewe finansies en ander belange" verantwoord was. Sedert daardie datum word Caxton and CTP Publishers and Printers Beperk, wat voorheen onder "Korporatiewe finansies en ander belange" verantwoord was, ook by "Nywerheidsbelange" ingereken.

Die enigste oorblywende belang onder "Handelsmerkbelange" na die hersamestelling, is R&R, wat Remgro se tabakbelange verteenwoordig. Die beskrywing "Handelsmerkbelange" is derhalwe verander na "Tabakbelange". Die vergelykende syfers is dienooreenkomstig hersaamgestel.

7. BELEGGINGS

7.1 British American Tobacco Plc (BAT)

Remgro se belang in BAT word verteenwoordig deur sy belang van een-derde van die gewone aandele en skuldbriewe, asook al die deelnemende sekuriteite, wat uitgereik is deur R&R. Dit gee Remgro 'n effektiewe belang van 10.03% in BAT soos op 31 Maart 2005. Die ander twee-derdes van die gewone aandelekapitaal en skuldbriewe van R&R word deur Compagnie Financière Richemont SA (Richemont) gehou.

In Mei 2004 het opsiehouers die koopopsies uitgeoefen wat R&R in Januarie 2003 uitgereik het ten opsigte van die BAT-voorkeuraandele. Hierdie voorkeuraandele is in gewone BAT-aandele omskep en gevolglik het Remgro se effektiewe belang in BAT van 9.8% tot 9.3% gedaal.

Op 28 Februarie 2005 het Remgro se volfiliaal, Remgro Investments Limited (Jersey), £188.0 miljoen belê in 19 281 686 deelnemende sekuriteite wat deur R&R uitgereik is. Dit is befonds deur die opbrengs met die aflossing deur R&R van skuldbriewe ten bedrae van £564.7 miljoen. Remgro en Richemont het onderskeidelik £188.2 miljoen en £376.5 miljoen ontvang. Die skuldbriewe wat afgelos is, het deel gevorm van die teenprestasie wat ontvang is uit die Rothmans International samesmelting op 1 Oktober 1995. Soos in die 1996 jaarverslag van Rembrandt Groep Beperk uiteengesit, is geen boekwaarde gereflekteer in die groepstate ten opsigte van die oorspronklike belangsverkryging in R&R nie. Gevolglik is die bruto opbrengs wat Remgro met die aflossing van die skuldbriewe ontvang het nou as 'n uitsonderlike wins verantwoord.

Die deelnemende sekuriteite maak Remgro geregtig op al die voordele en risiko's wat verband hou met die regstreekse besit van dieselfde getal gewone aandele in BAT. R&R kan die deelnemende sekuriteite aflos deur die lewering van die toepaslike aantal gewone BAT-aandele op 'n een-vir-een-grondslag of deurdat R&R die opbrengs uit die verkoop van die toepaslike aantal gewone BAT-aandele aan die houer van die sekuriteite betaal.

Aangesien Remgro en Richemont onderskeidelik 'n belang van een-derde en twee-derdes in R&R se gewone aandelekapitaal het, en aangesien dié transaksie nie die totale aantal BAT-aandele wat R&R besit beïnvloed het nie, het Remgro sowel as Richemont gevolglik as gewone aandeelhouers op 'n pro rata-grondslag afstand gedoen van hul indirekte belang in 19 281 686 gewone BAT-aandele. Terselfdertyd het Remgro as gewone aandeelhouer 'n belang van een-derde verkry in die £188.0 miljoen kontant wat R&R verkry het deur die uitreiking van die deelnemende sekuriteite.

Die netto uitwerking was dat Remgro sy effektiewe belang in BAT met 12 854 457 aandele verhoog het teen 'n koopprys van £124.9 miljoen, transaksiekostes uitgesluit.

Vir die jaar onder oorsig het R&R se resultate sy 29.6%-belang in BAT se resultate ingesluit vir die tydperk tot die omskakeling van die BAT-voorkeuraandele in gewone aandele aan die begin van Junie 2004, toe sy belang tot 27.9% verwater is. R&R se persentasiebelang het op 30 September 2004 tot 28.1%, op 31 Desember 2004 tot 28.2% en op 31 Maart 2005 tot 28.3% toegeneem as gevolg van die aandele wat BAT daarna teruggekoop het. Die resultate vir die vergelykende tydperk toon R&R se effektiewe belang van 28.8% vir die ses maande tot 30 September 2003 en sy 29.4%-belang vir die ses maande tot 31 Maart 2004.

Soos in die 2003-jaarverslag vermeld, word bogenoemde BAT-voorkeuraandele sedert Januarie 2003 as skuldinstrumente behandel en nie langer geëkwiteer nie. Dit het ook tot gevolg gehad dat daardie skuldinstrumente teen billike waarde herwaardeer is. Die beweging in die huidige waarde van die voorkeuraandele is daarom dienooreenkomstig erken en verantwoord. Remgro se belang in die uitgestelde netto koopopsie-premie van £30 miljoen is by die geëkwiteerde inkomste vir die vergelykende tydperk tot 31 Maart 2004 ingesluit.

R&R se belang in BAT se verdienste vir die twaalf maande tot 31 Maart 2005 is gebaseer op BAT se resultate vir die jaar geëindig 31 Desember 2004 plus die resultate vir die kwartaal tot 31 Maart 2005 (nou gerapporteer volgens IFRS) minus die resultate vir die kwartaal tot 31 Maart 2004. Vir hierdie doel het R&R BAT se resultate vir die kwartaal tot 31 Maart 2005 na VK rekeningkundige praktyk aangepas sodat dit ooreenstem met vorige jare se praktyk. Remgro se belang in R&R se wesensverdienste is in die tabel hieronder ingesluit.

	2005 £'m	2004 £'m
Toeskryfbare inkomste van BAT voor klandisiewaarde en uitsonderlike items	**1 698**	1 559
Beweging in huidige waarde van BAT-voorkeuraandele en dividende	**(8)**	(42)
Aangesuiwerde toeskryfbare inkomste van BAT vir die twaalf maande geëindig 31 Maart	**1 690**	1 517
R&R se deel van die aangesuiwerde toeskryfbare inkomste van BAT:		
– 1 April 2003 tot 31 Maart 2004	**–**	440
– 1 April 2004 tot 28 Februarie 2005	**442**	–
– 1 Maart 2005 tot 31 Maart 2005	**38**	–
Beweging in huidige waarde van BAT-voorkeuraandele en dividende	**8**	42
R&R se ander inkomste	**38**	8
R&R se wesensverdienste vir die jaar geëindig 31 Maart	**526**	490
Netto koopopsie-premie nie meer uitgestel	**–**	30
R&R se aangesuiwerde wesensverdienste vir die jaar geëindig 31 Maart	**526**	520
Remgro se belang daarin	**176**	174
	R'm	R'm
Omgereken teen 'n gemiddelde £/R-koers van 11.5342 (2004: 12.1025)	**2 029**	2 100

BAT se eie toeskryfbare inkomste vir die twaalf maande tot 31 Maart 2005, met uitsluiting van die amortisasie van klandisiewaarde en uitsonderlike items, was teen £1 698 miljoen 9% hoër as die vorige jaar se syfer. Ná rekeningkundige aanpassings sodat die huidige waarde van die voorkeuraandele en voorkeuraandeeldividende in berekening geneem is, was BAT se resultate vir 2005 egter 11% hoër as die vorige jaar se vergelykende syfer.

In Julie 2004 het BAT die ooreenkoms geïmplementeer waardeur die VSA binnelandse besighede van Brown & Williamson (B&W) en R.J. Reynolds (RJR) saamgevoeg word as Reynolds American Inc., 'n nuwe houermaatskappy waarin RJR-aandeelhouers 'n belang van 58% en BAT 'n belang van 42% het. BAT het Lane, sy VSA-gebaseerde pyp- en rooktabakbesigheid ook aan Reynolds American vir $400 miljoen kontant verkoop. Weens die samesmelting sal B&W en elk van sy geaffilieerdes (anders as Reynolds American Inc. en sy filiale) vrywaring van Reynolds American geniet van alle huidige en toekomstige litigasie wat met die VSA tabakbesigheid verband hou. BAT verwag dat die transaksie sy mededingende posisie in die VSA binnelandse mark aansienlik sal verbeter.

BAT het – in ooreenstemming met VK rekeningkundige praktyk – 'n bedrag van £918 miljoen, synde die wins met verkoop van filiale, en £216 miljoen ten opsigte van klandisiewaarde wat in sy balansstaat heropgeneem is, by sy ekwiteit ingesluit. Hierdie items het verband gehou

7. BELEGGINGS (VERVOLG)

7.1 BAT (vervolg)

met die geagte verkoop van sy VSA bedrywighede as gevolg van die Reynolds American-transaksie. R&R het sy belang in die wins met verkoop in sy wins-en-verliesrekening vir die jaar tot 31 Maart 2005 ingesluit.

BAT se finansiële jaareinde is 31 Desember. Die volgende kommentaar is op die BAT-resultate vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2004 gebaseer.

BAT se aangesuiwerde verwaterde verdienste per aandeel, wat 'n goeie aanwyser is van sy onderliggende prestasie (wat die uitwerking van amortisasie van klandisiewaarde, herstrukturingskoste, verkope van filiale, ens. uitsluit), het met 10% tot 75.83 pennies per aandeel gegroei. Dit weerspieël die hoër bedryfswins, die verlaagde effektiewe belastingkoers, kleiner minderheidsbelange en die positiewe uitwerking van BAT se aandeleterugkoopprogram.

BAT se bedryfswins, met uitsluiting van klandisiewaarde en uitsonderlike items, was 2% hoër op £2 830 miljoen. Gemiddelde sterlingwisselkoerse, wat teenoor bykans al die geldeenhede verstewig het, het 'n negatiewe uitwerking op dié resultate gehad. Teen vergelykbare wisselkoerse sou die bedryfswins, met uitsluiting van klandisiewaarde en uitsonderlike items, 7% hoër gewees het, en die voordele weerspieël het van die verkryging van Ente Tabacchi Italiani S.p.A. (ETI) einde 2003 asook 'n goeie vertoning in al die streke behalwe Amerika-Pasifies.

Verdere inligting oor BAT se prestasie in die verskillende streke sal ingesluit word in die verslag wat aan aandeelhouers gepos sal word en sal ook dan op die webwerf beskikbaar wees.

7.2 Ander beleggings

Die belangrikste veranderinge tot Remgro se ander beleggings gedurende die jaar onder oorsig was soos volg:

Vector Logistics (Eiendoms) Beperk (Vector)
Gedurende die jaar onder oorsig het 'n filiaalmaatskappy van Remgro, Rainbow Chicken Beperk (Rainbow), 'n 100%-belang in Vector vir R456 miljoen verkry. Vector versprei tans ongeveer 70% van Rainbow se produkte.

Henkel South Africa (Eiendoms) Beperk (Henkel)
In Oktober 2004 het Remgro sy 50%-belang in Henkel vir R80 miljoen verkoop. 'n Na-belaste kapitaalsurplus van R43.9 miljoen is gerealiseer en word as 'n uitsonderlike item verantwoord.

Sage Groep Beperk (Sage)
Gedurende Januarie 2005 het Remgro R95.0 miljoen aan Sage geleen ten einde laasgenoemde in staat te stel om sekere skuldinstrumente af te los. Dié lening dra rente teen 'n markverwante koers en is terugbetaalbaar teen 31 Oktober 2005. Verwys ook asseblief na die gedeelte met betrekking tot Sage onder "Sedert die jaareinde".

Terugkoop van aandele
Gedurende die jaar onder oorsig het 'n volfiliaalmaatskappy van Remgro 'n verdere 14 079 239 gewone Remgro-aandele (2.9% van die gewone aandele) teen 'n gemiddelde prys van R87.69 vir 'n totale bedrag van R1 234.6 miljoen aangekoop. Saam met die aandele wat in vorige finansiële jare aangekoop is, word 'n totaal van 30 521 841 (6.3%) as tesourie-aandele gehou.

Gedurende die jaar onder oorsig het Die Remgro Aandeletrust 660 018 (2004: 711 000) gewone Remgro-aandele teen 'n gemiddelde prys van R90.93 (2004: R65.43) vir 'n totale bedrag van R60.0 miljoen (2004: R46.5 miljoen) aangekoop, terwyl 514 946 aandele aan deelnemers gelewer is teen betaling.

Sedert die jaareinde:

Absa Groep Beperk (Absa)
Op 5 Mei 2005 het Barclays Bank Plc (Barclays) 'n aanbod aan Absa-aandeelhouers gemaak om 'n 60%-belang in Absa te verkry (die Barclays-transaksie). Remgro het 'n ooreenkoms met Barclays gesluit ingevolge waarvan Remgro onderneem het om sy totale of 'n gedeeltelike belang in Absa te verkoop.

Die Barclays-transaksie word deur twee wedersydse voorwaardelike prosesse geïmplementeer:

- 'n reëlingskema kragtens artikel 311 van die Maatskappywet ingevolge waarvan Barclays 32% sal verkry van die Absa gewone aandele wat deur elke Absa gewone aandeelhouer besit word, uitgesluit die Absa Groep Beperk Aandele-aansporingskematrust en Barclays en sy filiale, buiten in soverre hulle Absa-aandele namens derde partye besit, en
- 'n gedeeltelike aanbod deur Barclays om 'n bykomende 28% van die Absa gewone aandele te verkry wat deur elke Absa gewone aandeelhouer besit word.

Die verkoopprys beloop R82.50 per aandeel plus die reg om die finale dividend van R2.00 per aandeel te ontvang wat Absa ten opsigte van sy finansiële jaar tot 31 Maart 2005 verklaar het.

In soverre Barclays nie voldoende aanvaardings verkry om die vereiste aandeelhoudingsvlak van 60% in Absa te behaal nie, het Remgro ingestem om bykomende Absa-aandele, tot en met Remgro se totale aandeelhouding, aan te bied as deel van die gedeeltelike aanbod. Barclays sal sodanige bykomende aandele van Remgro verkry op dieselfde bepalings en voorwaardes as alle ander Absa-aandele wat aan die Barclays-transaksie onderworpe is.

Die effektiewe datum van die verkoop word bepaal deur die inwerkingtredingsdatum van die reëlingskema en die rekorddatum van die gedeeltelike aanbod.

FirstRand Beperk (FirstRand)

In Mei vanjaar het FirstRand aangekondig dat daar aan alle opskortende voorwaardes vir sy voorgestelde swart ekonomiese bemagtigings (SEB)-transaksie voldoen is. Die datum van inwerkingtreding van die skema was 16 Mei 2005.

Ingevolge dié transaksie het FirstRand ongeveer 416.2 miljoen gewone aandele op 'n pro rata-basis van alle aandeelhouers teruggekoop, teen 'n verhouding van 7.6 gewone aandele vir elke 100 gewone aandele besit. Die prys per gewone aandeel het R12.28 beloop en op 16 Mei 2005 het Remgro R486.0 miljoen ingevolge dié transaksie ontvang. Terselfdertyd het FirstRand ook 119 miljoen gewone aandele aan die SEB-konsortium uitgereik, met die gevolg dat Remgro se direkte belang in FirstRand vanaf 10.0% tot 9.4% verwater het.

Dié transaksie het terselfdertyd ook RAB Beherend Beperk (RABB) se belang in FirstRand vanaf 34.4% tot 32.2% verwater. Remgro se totale belang in FirstRand, ingesluit die indirekte belang gehou deur RABB, beloop 16.8% ná die transaksie.

Sage

Op 20 Mei 2005 het Momentum Groep Beperk (Momentum), 'n volfiliaal van FirstRand, aangekondig dat dit 'n aanbod gemaak het waarvolgens Momentum alle uitgereikte aandele van Sage, behalwe dié gehou deur Sage Life Beperk, ingevolge 'n reëlingskema kragtens artikel 311 van die Maatskappywet sal verkry.

Die koopprys ingevolge die reëlingskema beloop R634 miljoen of R1.75 per Sage-aandeel en bestaan uit 'n aanvanklike betaling van R1.42 per aandeel en 'n potensiële verdere betaling tot 'n maksimum van R0.33 per aandeel. As sekuriteit vir sekere potensiële voorwaardelike belasting-verwante verpligtinge word 'n bedrag van R120 miljoen van die kontant-vergoeding in 'n trustrekening teruggehou. Sodra die potensiële belastingverpligtinge opgelos is sal dié bedrag dienooreenkomstig verminder word en die balans pro rata aan Sage-aandeelhouers uitbetaal word.

Remgro het 'n onherroeplike onderneming aan Momentum gegee om ten gunste van die voorgestelde skema te stem en ook ingestem dat die terugbetaling van die R95 miljoen wat aan Sage geleen is tot 31 Oktober 2005 uitgestel word.

8. KONTANTVLOEI EN AANWENDING

Die maatskappy se kontantbronne op 31 Maart 2005 is soos volg:

	Plaaslik R'm	Buiteland R'm	Totaal R'm
Per gekonsolideerde balansstaat	2 060	312	2 372
Min: Kontant van ander bedryfsfiliale	(1 278)	–	(1 278)
Kontant by die kern	782	312	1 094
Toeskryfbare gedeelte van R&R kontant	–	2 778	2 778
Beskikbare kontant	782	3 090	3 872

In die lig van die 7.6% styging in wesensverdienste per aandeel, het die direksie besluit om die gewone dividend per aandeel ten opsigte van die finansiële jaar tot 31 Maart 2005 met 10.2% te verhoog vanaf 285 sent tot 314 sent. Die toename in die finale dividend beloop 7.6%.

Plaaslike kontant by die kern sal moontlik na jaareinde aansienlik toeneem. Afgesien van normale kontantvloei in die vorm van dividendinkomste, is die opbrengs van die FirstRand-transaksie reeds ontvang en dié van die Absa- en Sage-transaksies ontvangbaar sodra alle opskortende voorwaardes nagekom is.

Dit is die direksie se voorneme om, onderhewig daaraan dat die Absa-transaksie onvoorwaardelik verklaar word, ook 'n spesiale dividend van 600 sent per aandeel kort daarna te verklaar. Die datums vir die spesiale dividend sal dan op SENS bekend gemaak en aan aandeelhouers gesirkuleer word.

Met die aanvaarding dat die Absa-transaksie voortgaan en Remgro minstens 60% van sy Absa-aandele aan Barclays verkoop, sal die groep na inagname van bostaande distribusie aan aandeelhouers, steeds oor genoegsame kontantbronne beskik om verdere beleggingsgeleenthede te benut en sy aandeleterugkoopprogram voort te sit.

Indien die spesiale dividend waarna hierbo verwys word, ook verklaar word, sal die totale distribusie aan aandeelhouers vir die finansiële jaar dus R4 771 miljoen beloop en sal soos volg saamgestel wees:

(Gebaseer op die totale uitgereikte kapitaal)

	2005 R'm	2004 R'm
Gewoon		
– Interim	606	527
– Finaal	1 033	961
Totaal	1 639	1 488
Spesiaal	3 132	1 044
	4 771	2 532

DIREKSIE

Mnr P G Steyn het met effek van 25 Augustus 2004 as 'n nie-uitvoerende direkteur afgetree. Die raad wil hom graag bedank vir sy bydrae oor baie jare.

Mnr M H Visser, die hoofuitvoerende beampte van Remgro, het tot op hede opgetree as ondervoorsitter van die direksie. Met effek van 22 Junie 2005, sal dr E de la H Hertzog, 'n nie-uitvoerende direkteur, as ondervoorsitter optree.

OUDITVERSLAG

Die finansiële jaarstate is deur PricewaterhouseCoopers Ing. geouditeer en hulle ongekwalifiseerde ouditverslae ten opsigte van die volledige finansiële jaarstate en die opgesomde finansiële jaarstate is beskikbaar vir insae by die geregistreerde kantoor van die maatskappy.

DIVIDENDVERKLARING

Verklaring van Dividend Nr 10
Hiermee word kennis gegee dat 'n finale dividend van 198 sent (2004: 184 sent) per aandeel verklaar is ten opsigte van beide die gewone aandele van een sent elk en die ongenoteerde B-gewone aandele van tien sent elk, vir die finansiële jaar wat op 31 Maart 2005 geëindig het.

Belangrike datums

Laaste dag van verhandeling ten einde vir die finale dividend te kwalifiseer	Vrydag, 12 Augustus 2005
Verhandelinge op of na hierdie datum sal met uitsluiting van die finale dividend wees	Maandag, 15 Augustus 2005
Rekorddatum	Vrydag, 19 Augustus 2005
Betaaldatum	Maandag, 22 Augustus 2005

Aandeelhouers mag nie in die periode van Maandag, 15 Augustus 2005, tot Vrydag, 19 Augustus 2005, beide datums ingesluit, hulle aandeelsertifikate dematerialiseer/rematerialiseer nie.

Die jaarverslag sal gedurende Julie 2005 aan lede gepos word.

Geteken namens die raad van direkteure.

Johann Rupert
Voorsitter

Thys Visser
Hoofuitvoerende beampte/Ondervoorsitter

Stellenbosch
21 Junie 2005

BYLAAG A

INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

	Aan-tekeninge	Aandele gehou miljoen	Beurs-sluitings-prys	Wissel-koers £'m	Wissel-koers $'m	31 Maart 2005 R'm	31 Maart 2004 R'm
Tabakbelange							
R&R Holdings				2 235.9	11.7520	26 276	23 517
– BAT-gewone aandele	1	214.3	933.0	1 999.4			
– Kontant en dividende ontvangbaar	2			236.4			
– Ander netto bates				0.1			
Finansiële dienste							
FirstRand		520.7	1 333			6 941	5 113
RAB Beherend		274.1	2 143			5 874	4 087
Absa Groep		61.4	7 540			4 629	2 863
Sage Groep		65.0	185			120	111
Sagecor						26	11
Nywerheidsbelange							
Medi-Clinic Korporasie		178.6	1 530			2 732	2 143
Unilever Bestfoods Robertsons						1 711	1 754
Distell Groep		58.7	2 395			1 405	909
Nampak		86.8	1 580			1 371	1 150
Total South Africa						1 187	933
Rainbow Chicken		172.8	650			1 124	942
Transvaal Suiker						1 028	1 073
Air Products South Africa						606	605
Dorbyl		14.1	3 000			422	260
Wispeco						304	268
Henkel South Africa						–	75
Caxton		7.8	1 145			89	69
Mynbelange							
Implats		3.3	52 500			1 751	1 720
Trans Hex Groep		30.2	1 750			529	823
Gencor		38.0	15			6	5
Ander belange							
Diverse beleggings en lenings						72	72
Ander netto bates						283	98
Kontant by die kern							
– Plaaslik	2					782	2 147
– Buiteland	2			26.6	11.7520	312	3
Intrinsieke netto batewaarde						59 580	50 751
Potensiële KWB aanspreeklikheid	3					(1 141)	(439)
Intrinsieke netto batewaarde na belasting						58 439	50 312
Uitgereikte aandele na aftrekking van aandele teruggekoop en aandele in Die Remgro Aandeletrust (miljoen)						487.1	501.3
INTRINSIEKE WAARDE PER AANDEEL						R119.97	R100.36

Aantekeninge

1. Dit verteenwoordig Remgro se effektiewe belang van 10.03% in BAT Plc.
2. Kontant by die kern sluit uit kontant gehou deur filiale en geassosieerde maatskappye wat afsonderlik hierbo gewaardeer is.
3. Die potensiële kapitaalwinsbelasting (KWB)-aanspreeklikheid, wat ongeouditeer is, is bereken teen 14.5% op die spesifieke-identifikasie-metode deur gebruik te maak van die voordeligste berekening vir beleggings wat voor 1 Oktober 2001 verkry is en die korporatiewe vrystellingsbepalings word ook in ag geneem.
4. Die genoteerde beleggings word teen beurspryse en ongenoteerde beleggings teen direkteurswaardasies aangetoon.

DIREKSIE

Nie-uitvoerende direkteure
Johann Rupert (*Voorsitter*), P E Beyers, G D de Jager*, J W Dreyer, P K Harris*, E de la H Hertzog, E Molobi*, J F Mouton*, D Prins*, F Robertson*
*(*Onafhanklik)*

Uitvoerende direkteure
M H Visser (*Hoofuitvoerende beampte/Ondervoorsitter*), W E Bührmann, D M Falck, J A Preller (mev), T van Wyk

MAATSKAPPY-INLIGTING

Sekretaris
M Lubbe (mev)

Notering
JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika
Sektor: Finansieel – Beleggingsmaatskappye

American depositary receipt (ADR) program
Cusip nommer 75956M107 ADR tot gewone aandeel 1 : 1

Depositaris
The Bank of New York, 101 Barclay Street, New York NY 10286

Sake-adres en geregistreerde kantoor
Carpe Diem Kantoorgebou, Quantumstraat, Tegnopark, Stellenbosch 7600
(Posbus 456, Stellenbosch 7599)

Oordragsekretaris
Computershare Investor Services 2004 (Eiendoms) Beperk
Marshallstraat 70, Johannesburg 2001
(Posbus 61051, Marshalltown 2107)

Ouditeure
PricewaterhouseCoopers Ing.
Stellenbosch

Borg
Rand Aksepbank ('n Deel van FirstRand Bank Beperk)

GRAPHICOR 32847/32891